**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

**Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **September 2025**

**Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees**

**Verslag oor ’n onderhoud:** Die kykNET-dramareeks, *Die nuusmakers*

1 Tydens ’n onderhoud wat Maryke Roberts met Rolanda Marais gevoer het, het Rolanda haar daarop gewys dat sy belanggestel het in die rol van Adri, aangesien sy geïnteresseerd was in die soeke na die waarheid dwarsdeur die dramareeks deur hierdie sterk vrou wat geknak is na die dood van haar man. Volgens haar was dit ’n groot uitdaging om die emosies van rou en verdriet eg en oortuigend aan die kykers oor te dra.

2 Rolanda wys haar daarop dat daar ooreenkomste, sowel as verskille tussen haar en Adri is. Nét soos Adri, is sy ook hardwerkend en staan nie sommer terug vir ’n uitdaging nie. Sy kan haar ook met Adri se skuldgevoelens as afwesige ma identifiseer. Nét soos Adri se werk, neem háár werk haar soms weg van haar kinders. Die verskil is net dat haar werk nie so gevaarlik soos dié van Adri s’n is nie.

3 Op die vraag of sy die regisseur altyd vertrou, wys Rolanda haar daarop dat dit belangrik is om sy leiding te volg en toe te pas. Dit verskaf haar groot genot om te sien dat tonele beter werk as wat sy verwag het, en dít net omdat sy die leiding van die regisseur gevolg het. Volgens haar is dit immers ’n spanpoging tussen kreatiewe denkers.

4 Sy reken dat die tyd aangebreek het vir ’n aktuele drama soos *Die nuusmakers*, aangesien dit die politieke en sosiale waarhede in ons land aanspreek. Dis getrou aan die werklikheid, aangesien mense gereeld doodgeskiet word en korrupsie hoogty in ons land vier. Emosies word dan ook tydens moord op hul geliefdes ervaar.

5 Nadat Maryke wou weet wat mense vasgenael voor die televisie hou tydens die uitsending van *Die nuusmakers* en dít terwyl mense al voos is vir die nuus, het sy haar daarop gewys dat hier nie net nuus uitgesaai word nie. Die kyker vind die gesprekke tussen die joernaliste, die komiese en dramatiese

oomblikke, die vasberadenheid om agter die waarheid te kom en om te besluit wat nuuswaardig is en wat nie, interessant.

**Hardoplees:** Die kykNET-dramareeks, *Die nuusmakers*

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Onderhoud:** Onderhoud met Hans Strydom, die mens

*In teenstelling met die groot en luukse huis van At Koster in die sepie,* Binnelanders*, hou Nel Kotzé voor 'n klein en eenvoudige huisie op Hans Strydom se plaas stil. Hy nooi hom vriendelik binne. Na 'n koppie boeretroos, begin Nel met die onderhoud.*

**Nel:** **Daar is soveel kykers wat saans voor die televisie vasgenael sit om *Binnelanders* te kyk. Ek is hier om die mens agter At Koster te ontmoet. Dit wil vir my voorkom of jou persoonlikheid en geaardheid hemelsbreed verskil van dié van At Koster. Vind jy dit moeilik om die rol van At Koster te speel?**

*Hans Strydom tel sy kleinseun liefdevol op sy skoot. Nadat hy 'n toffie vir sy kleinseun gegee het, antwoord hy terwyl hy deur sy kleinseun se hare vryf.*

**Hans:** Geensins nie. Nét soos ek in beheer van my boerdery is, voel ek in volle beheer van my hospitaal. Dis nogal lekker om die rol van iemand te speel vir wie die ander karakters maar versigtig is. Om bombasties voor te kom, praat ek maar net harder en met 'n laer stemtoon. 'n Glimlag is maar skaars.

**Nel:** **Meer as 3 000 episodes het reeds die lig gesien. Waaraan sou jy sê het *Binnelanders* sy sukses te danke?**

**Hans:** *Binnelanders* spits hom toe op drama. Of dit nou drama in liefdesverhoudinge is en of dit nou drama is wat in die hospitaal afspeel. Ons vind dieselfde probleme wat die Binnelandse personeel en -bestuur beleef, in die alledaagse lewe. Of dit nou lewens is wat gered moet word, liefdesverhoudinge wat opvlam of korrupsie is.

**Nel:** **Baie akteurs verkies die verhoog bo die televisie. Is jy ook een van hierdie akteurs?**

**Hans:** *(met 'n glimlag en spottend)* Ek verkies beslis die televisie. Op my ouderdom kan jy soms jou woorde vergeet. Op televisie kan daardie toneel waar jy jou

woorde vergeet het darem weer oorgeskiet word. Op die verhoog is dit nogal 'n groot verleentheid.

**Nel:** **Dit is seker nogal belangrik dat julle akteurs goed oor die weg kom?**

**Hans:** Ons is al soos 'n hegte familie. Aangesien dit maar moeilik in hierdie bedryf gaan, skenk ek jaarliks 'n deel van die geld wat ek as wildboer maak, aan my mede-akteurs. Om ander te help, verskaf my baie meer genot as 'n toekenning vir uitstekende toneelspel. Ek is dankbaar dat ek nog kan help.

*Agter die bombastiese dokter At Koster skuil daar beslis 'n vriendelike man wat liefdevol is en baie vir sy medemens omgee.*

**Onderhoud:** Onderhoud met Hans Strydom, die mens

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Wie voer die onderhoud?** | /1 |
| **2** | **Luister na die inleiding. Bespreek die ruimte.** | /2 |
| **3** | **Wat verstaan jy onder "'n koppie boeretroos"?** | /1 |
| **4** | **Luister na die inleiding. Watter teenstelling tref ons hier aan?** | /1 |
| **1** | **Wat verstaan jy onder: "Ons wil Hans Strydom, die mens leer ken"?** | /1 |
| **2** | **Sou jy sê Hans Strydom is lief vir sy kleinseun? Verskaf TWEE redes vir jou antwoord.** | /2 |
| **3** | **Watter ooreenkoms tref ons in die persoonlikheid van Hans Strydom, die boer, en Hans Strydom, die akteur, aan?** | /1 |
| **4** | **Watter ooreenkomste is daar tussen die sepie, *Binnelanders*, en die samelewing? Noem DRIE ooreenkomste.** | /3 |
| **5** | **Watter emosies sou jy sê ervaar Hans Strydom as hy jaarliks 'n deel van sy geld aan sy mede-akteurs in *Binnelanders* skenk?** | /2 |
| **6** | **Verskaf slegs EEN rede waarom bostaande luisterteks 'n voorbeeld van 'n onderhoud is.** | /1 |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Praat:** Voer 'n onderhoud met 'n sanger / 'n akteur / jou sportheld / 'n dokter

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, vrae met gepaste antwoorde: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Volume, gesigsuitdrukkinge en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**1 Jeugroman:** Die onredelike uittrapsessie

1 Shaun sal die plaaslewe in Namakwaland vir geen geld ter wêreld verruil nie. Hy kan ver ente in die oop vlaktes gaan perdry, koeie melk, of saam met sy getroue skaaphond skape aankeer. Alles waarvan ’n plaasseun hou.

2 Terwyl Shaun in sy bed lê en ’n speurverhaal lees, roep sy ma hom en sy pa vir ontbyt. Aan die ontbyttafel bespreek Shaun en sy pa die Springbokke se span. Hulle sou eerskomende Saterdag die wedstryd tussen die Springbokke en die Australiërs gaan kyk. Sy pa het reeds drie maande gelede die kaartjies gekoop. Sy ma en ’n vriendin sou dan na ’n balletopvoering gaan kyk.

3 Vroeg die Saterdagoggend het hulle in die pad geval. Shaun se ouers het afgespreek dat sy ma hulle by die pawiljoen sou gaan aflaai. Sy sou dan haar vriendin by die opvoering kry.

4 Nadat Shaun en sy pa hul kaartjies by die hek getoon het, het hulle hul sitplekke in die pawiljoen gaan inneem. Teen halftyd het die Springbokke voorgeloop. Drie drieë is gedruk en suksesvol vervyf. Tydens die tweede helfte het die skare al stiller geword. Vyf minute voor die eindfluitjie sou blaas, het die Australiërs met drie punte voorgeloop. Maar toe onderskep Kolbe die bal, hardloop blitssnel al langs die kantlyn af en gaan druk ’n drie reg onder die pale. Nadat Pollard die bal sekuur deur die pale gestuur het, was daar geen keer aan die skare nie. ’n Skare wat die wenspan toejuig!

5 Na die wedstryd het sy pa sy ma gebel en haar paniekerig meegedeel dat hul motor gesteel is. Toe volg die uittrapsessie wat sy pa nie verdien het nie. Toe die verkeerskonstabel vroeër wou weet of dit haar motor is, het sy gesê dat dit haar man s’n is. Hy wou haar nie glo nie. Gevolglik het hy die polisie laat kom. Ma het vir Pa probeer bel, maar hy het haar natuurlik nie tussen die juigende skare gehoor nie. Gevolglik moes sy polisiestasie toe gaan. Dis dan juis hier waar sy sy oproep ontvang het. Sy het die selfoon aan die konstabel oorhandig. Dis eers nadat Pa aan hom verduidelik het dat dit wel sý motor is,

dat hulle haar laat gaan het en sy hulle kon kom haal. Shaun wonder wat die ander Namakwalanders van hierdie voorval sal sê.

**1.1** **Waarom sou jy sê die <u>chronologie</u> van die verhaal word in paragraaf 2 verbreek?** (1)

**1.2** **Watter <u>teenstelling</u> tref ons in paragraaf 4 aan?** (1)

**1.3** **Waarom sou jy sê dat sy ma onredelik was?** (1)

**1.4** **Watter <u>emosie</u> dink jy het Shaun se ma in paragraaf 5 ervaar?** (1)

**1.5** **Hoe hou die <u>inhoud</u> van paragraaf 5 verband met die <u>titel</u>?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2** **Dialoog:** <u>Toring van vrees</u>

*Ria sit gedurende pouse op die speelgrond en staar voor haar uit. Eintlik kyk sy na niks nie. Al wat sy sien, is die teleurgestelde uitdrukking op haar pa se gesig as sy haar rapport vanmiddag vir hom sal oorhandig. Sy het regtig haar bes probeer. As haar pa maar net wil aanvaar dat nie álmal vir Wiskunde aangelê is nie. Rita se stem ruk haar tot die hede.*

Rita: *(nuuskierig)* Dink jy aan vanaand se sokkie? Wel, ek kan nie wag nie!

Ria: *(met 'n bekommerde stem)* My vriendin, was dit maar die sokkie! Dis nou die laaste ding waaraan ek dink. As ek maar so goed soos jy in Wiskunde was, sien ek al hoe my pa by sy vriende met my sou spog. Kompleet of hý die goeie punte in Wiskunde behaal het.

Rita: *(bekommerd)* Ek kan my nie voorstel hoe jy moet voel nie. As dit nie die Wiskunde-onderwyser is wat ongeduldig met jou raak as jy nie die werk verstaan nie, is dit jou pa wat oor jou punte kla.

Ria: *(snikkend)* As dit maar al was. My toring van vrees om my pa nie teleur te stel nie, word net al hoër. Hy kan nou maar nét nie aanvaar dat ek nie 'n gebore atleet is nie. Medaljes en prestasies op die atletiekbaan is al wat vir hom belangrik is. Weet jy hoe dit voel as my pa die afrigter daarop wys dat sý strekoefeninge tydens opwarming beter is as die afrigter s'n? En dan nog voor die ander atlete! Hy dink beslis nie aan my gevoelens nie. Ook stel hy geensins belang in die sportsoort waarin ek presteer nie. Aangesien hy 'n kranige atleet was, verwag hy nou dat ek ook een moet wees.

Rita: Ek kon nog nooit verstaan waarom jou pa nie die galas bywoon nie. As hy maar geweet het dat jy die een rekord na die ander breek, sou hy beslis die galas bygewoon het.

Ria: *(amper sarkasties)* Nee jong, volgens hom moet 'n mens net goed genoeg kan swem om jouself te help, sou jy miskien in die moeilikheid beland.

**2.1** **Wat beteken: "Ria kan nie help dat sy nie 'n gebore atleet is nie"?** (1)

**2.2 Noem slegs EEN onaanvaarbare karaktereienskap waaroor Ria se pa beskik het.** (1)

**2.3 Noem slegs EEN randfiguur / plat karakter van wie hier melding gemaak word.** (1)

**2.4 Watter morele les kan enige ouer uit hierdie dialoog leer?** (1)

**2.5 Verskaf die rede waarom jy sou sê dat die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n dialoog is.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**3 Resensie:** Die liefde van ’n ma *Hennie Kruger*

1 In hierdie boek het die oorsake van gebeure en die gevolge wat dit inhou, verskillende emosies tot gevolg. Tydens die herontmoeting met die ma word gesien dat verwyte onder geen omstandighede moederliefde kan breek nie. Die verhaal bereik sy hoogtepunt by die herontmoeting van ’n ma met haar dogter wat emosies van vreugde en dankbaarheid tot gevolg het. Dis juis tydens hierdie herontmoeting waar die kontras tussen emosies aangetref word en karakterontwikkeling plaasvind. Die optrede van die karakters is lewensgetrou. Beslis ’n boek wat die moeite werd is om te lees.

2 Annerie Nel was verbitterd teenoor haar ma, aangesien sy vir die ongeluk verantwoordelik was waarin haar pa op slag dood is. Gevolglik het sy haar voorgeneem om nooit weer haar ma te besoek nie. Haar ma sou nooit die voorreg hê om haar kleinkind ooit te kan vashou nie. Het sy maar geweet dat hierdie wrede, selfsugtige optrede eendag bewaarheid sou word.

3 Na tien jaar van verwydering, het Ansa Nel, Annerie se ma, alleen in die verswakte afdeling met ’n gesinsfoto in haar hande gesit. Die foto van haar oorlede man en Annerie het voor haar geswem. Die enigste geselskap wat sy gehad het, was verlange en hartseer. Dis dan juis tydens die terugflitse van gelukkige jare as gesin en die ongeluk wat sy veroorsaak het, waar die emosies van hartseer, selfverwyt en verlange ervaar word.

4 Annerie is intussen gelukkig getroud en het geboorte aan ’n pragtige seun geskenk. As gesin was hulle gelukkig. Tot daardie dag toe hulle as gesin gaan swem het. ’n Seestroom het haar seun meegesleur en dis dan hier waar sy tot die besef gekom het dat ongelukke wel kan gebeur.

5 Dis juis hierdie gebeurtenis wat ma en dogter weer herenig het. Die emosie van verwyt in Annerie se oë het plek gemaak vir emosies van hartseer en vergewing. Soos enige ma, het Ansa haar kind sonder enige verwyte liefdevol in haar arms geneem en getroos.

6 Aan die einde van die verhaal word dan ook gesien dat in tye van verdriet ’n mens nooit hoef te huiwer om jou tot jou ouers te wend nie. Ouerliefde is veel sterker as verwyte wat hulle nie toekom nie.

**3.1 Waarom sou jy sê tref ons <u>karakterontwikkeling</u> by Annerie aan?** (1)
**3.2 Hoe hou die optrede van Ansa in paragraaf 5 verband met die <u>titel</u>?** (1)
**3.3 Waarom sou jy sê dat die <u>inhoud</u> van hierdie boek betrekking op die *samelewing* kan hê?** (1)
**3.4 Waardeur word die <u>optredes</u> van ’n karakter in ’n boek bepaal?** (1)
**3.5 Reken jy die <u>resensent</u> skryf die boek hoog aan? Motiveer.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**4 Drama:** <u>Trane van blydskap en dankbaarheid</u>

*Ronnie en die vreemde oom sit teenoor mekaar, terwyl hulle met die trein van Kuilsrivier Kaapstad toe ry. Terwyl Ronnie by die venster uitkyk, lees die oom sy koerant. ’n Stilte hang tussen hulle. Slegs die klik-klak geluid van die trein op die spoorstawe is hoorbaar. Skielik laat sak die oom sy koerant.*

Die oom: *(terwyl hy oor sy bril loer)* My seun, ek hou jou nou al ’n geruime tyd dop en sien jy haal die trein elke Saterdag stad toe. Dis mos die tyd om saam met jou maats deur te bring.

Ronnie: *(effens verleë)* Oom, ek verkoop koerante. Ons koop dan melk, brood en mieliepap met die geld wat ek verdien. Elke sent help. Ek moet my ma help, aangesien my pa verlede jaar oorlede is.

Die oom: *(met ’n simpatieke stem)* Ek is jammer om van die dood van jou pa te hoor. Het jou ma dan nie ’n werk nie?

Ronnie: Oom, sy sukkel maar om ’n werk te kry. Werk is so skaars soos hoendertande. Gelukkig kry sy darem ’n toelae van die staat. Sodoende kan sy darem vleis koop. Ook maar die goedkoopste maalvleis. Geld vir tjops is daar nie.

Die oom: Waarmee betaal julle dan die huur of paaiemente van jul huis?

Ronnie: Gelukkig het my pa ons huis destyds kontant gekoop.

Die oom: *(met ’n skewe glimlag)* Wel, my seun, ek kan vir julle die geleentheid gee om tjops te kan koop. Wat is nou geselliger as om ’n tjoppie op die kole te gooi en gesellig te kuier? Ek het vir jou ma ’n pos by my maatskappy. As sy sou belangstel, moet sy net ’n afspraak met my reël.

Ronnie: *(dankbaar en opgewonde)* Oom kan definitief ’n oproep van haar verwag. Ek sien al haar gesig as ek haar die nuus meedeel.

*Trane van blydskap en dankbaarheid het vrylik oor Ronnie se wange gerol.*

**4.1 Lees die inleiding. Dui die ruimte aan.** (1)

**4.2 Skryf die toneelaanwysing neer wat daarop dui dat die oom *medelye* met Ronnie gehad het, aangesien sy pa oorlede is.** (1)

**4.3 Hoe kon die oom Ronnie-hulle se leefwyse ten goede verander?** (1)

**4.4 Hoe hou die titel verband met die slot?** (1)

**4.5 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat hierdie leesstuk ’n voorbeeld van ’n drama is.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**5.1 Wat is die funksie van die enjambement en antitese wat ons in die onderstreepte versreëls van die onderstaande strofe uit “Verhaal” aantref.**

“’n Vrou het stil geword van baie wag:
die aarde het gegly deur die spiraal
van dag na nag, was beurtelings groen en vaal,
en sy het soms gehuil en soms gelag.” *Elisabeth Eybers*

**5.2 Dui die rympatroon aan die regterkant van die onderstaande strofe uit “Versoening” aan.**

“en jy’t jou hawer nooit gesaai nie –
net so min het ek miskien geword
wat Pa dalk wou, maar nietemin,
die saad is klaar gestort:” *Lucas Malan*

**5.3 Watter effek verkry ons deur versreël 2 in die onderstaande strofe uit “Busrit in die nag” teen ’n stadige tempo te lees en van alliterasie gebruik te maak?**

“Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hul suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.” *Elisabeth Eybers*

**5.4 Watter vorm van beeldspraak tref ons in die onderstaande strofe uit “Nagrit” aan?**

“Donker die slote;
skaduwees skuil
swart in die riete,

vaal oor die kuil." *N.P. van Wyk Louw*

**5.5 Teen watter tyd van die dag het die twee lammers in die onderstaande strofe uit "Ek is 'n boklam" oor die duine gedraf? Motiveer.**

"Maar vroegdag toe die eerste vlam
in die aalwynrantjies brand
en ons koud en styf en stram
en kroes gedraf het oor die sand
het die Oubaas gekom, en stil
was die streling van sy hand." *George Weideman*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Artikel:** Die selfoon, ons vriend en vyand

1 'n Mens kan jou nie die lewe sonder 'n selfoon indink nie. Die selfoon het alle vorme van kommunikasie oorgeneem. Of dit nou is dat ons bel of 'n SMS of WhatsApp stuur. Die ou slingertelefoon en die tiekieboks is iets van die verlede. Almal het 'n selfoon. Wie het nou nie een nie?

2 Om 'n interessante brief te skryf en te gaan pos, is deesdae iets heel vreemds vir ons. Dis net ***elke dag*** 'n SMS of 'n WhatsApp stuur.

3 Kommunikasie in die gesinslewe ly ook onder hierdie indringer in die samelewing. Kinders speel nie meer soos in die verlede bok-bok of giffie nie. Hulle sal elke dag veel eerder met vlytige vingers lang boodskappe vir mekaar stuur of aan Facebook verslaaf wees. Hulle oë is eerder vasgenael op die skerm van die selfoon. Hulle speel nie meer giffie of albaster nie. Hulle SMS, terwyl hulle ouers nog briewe skryf.

4 Die koerant word ook nie meer elke oggend deur die koerantjoggie in die posbus geplaas nie. Dit word nou digitaal op die selfoon gelees. Hoe mis ek net nie daardie dae wat ek die koerantpapier onder my vingers kon voel nie. Dis eintlik hartseer om daaraan te dink hoeveel mense hulle werk verloor het noudat daar nie meer koerante gedruk word nie. Ook kan kinders nou nie meer 'n sakgeldjie maak deur koerante af te lewer nie.

5 Tóg hou die selfoon ook baie voordele in. Natuurtonele wat asemrowend is, troues, kinderpartytjies en kuiers met goeie vriende om die kampvuur kan afgeneem word. Goeie herinneringe waaraan ons kan vashou.

6 Ouers het meer gemoedsrus as hul kinders 'n selfoon by hulle het as

hulle uitgaan. Sodoende kan hulle met hul ouers in verbinding tree, sou hulle in tamatiestraat wees. Ouers is maar altyd bekommerd oor hul kinders se veiligheid. “Jy moenie jou foon afsit as jy uitgaan nie,” sê Ma altyd. “Dit is werklik noodsaaklik om dit aan te hou.”

7 Kinders het ook vrye toegang tot die internet. Nuwe wêrelde kan vir hulle oopgemaak word. Dit vergemaklik naslaanwerk baie en verskaf waardevolle inligting. Hulle kan hulself verryk.

8 Indien jy jou in ’n vreemde gebied sou bevind, kan jy met selfvertoue bestuur. Jy volg net die aanwysings van die GPS op jou selfoon om jou eindbestemming te bereik. Wel ’n blikstem, maar tóg ’n welkome stem. Jy hoef nie bang of bevrees te wees dat jy sal verdwaal nie.

9 Voordelig of nadelig ... die handige selfoon het gekom om te bly. Soos ons van kos afhanklik is, is ons van die selfoon afhanklik.

**Artikel:** Die selfoon, ons vriend en vyand

**1 Skryf die onderstreepte sin in reëls 1 & 2 oor in die teenwoordige tyd.** (1)
**2 Skryf die voorwerp in die onderstreepte sin in reëls 1 & 2 neer.** (1)
**3 Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 3.** (1)
**4 Skryf die onderstreepte sin in reël 4 oor in die toekomende tyd.** (1)
**5 Skryf die onderstreepte sin in reël 4 oor in die ontkennende vorm.** (1)
**6 Dui die vraende voornaamwoord in reël 4 aan.** (1)
**7 Vorm ’n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 5.** (1)
**8 Skryf die onderstreepte sin in reël 6 oor, maar vervang die skuinsgedrukte bywoordelike sinsnede met ’n bywoord.** (1)
**9 Dui die aanwysende voornaamwoord in reël 7 aan.** (1)
**10 Skryf die samestellende afleiding in reël 8 neer.** (1)
**11 Is die onderstreepte sin in reëls 9 & 10 ’n feit of ’n mening? Motiveer.** (1)
**12 Dui die bywoordelike sinsnede in reël 11 aan.** (1)
**13 Skryf die onderstreepte sin in reëls 11 & 12 oor in die lydende vorm.** (1)
**14 Skryf die neweskikkende voegwoord in reël 12 neer.** (1)
**15 Skryf die onderwerp in die onderstreepte sin in reëls 13 & 14 neer.** (1)
**16 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 16.** (1)
**17 Skryf die onderstreepte sin in reëls 17 & 18 oor in die verlede tyd.** (1)
**18 Dui die attributiewe byvoeglike naamwoord aan in die onderstreepte sin in reëls 19–21.** (1)
**19 Skryf die saamgestelde woord in reël 22 neer.** (1)
**20 Maak ’n sin van jou eie met die homofoon van die onderstreepte woord in reël 22.** (1)
**21 Gee die betekenis vir die onderstreepte idioom in reël 24.** (1)
**22 Skryf die onderstreepte sin in reëls 25 & 26 oor in die indirekte rede.** (1)
**23 Dui die bywoord van graad in reël 26 aan.** (1)

**24** **Dui die skeibare werkwoord in reël 28 aan.** (1)

**25** **Is die onderstreepte sin in reëls 28 & 29 'n voorbeeld van 'n veelvoudige of saamgestelde sin? Gee die rede vir jou antwoord.** (1)

**26** **Dui die wederkerende werkwoord in reël 29 aan.** (1)

**27** **Maak 'n sin van jou eie met die basiswoord van die onderstreepte woord in reël 33.** (1)

**28** **Skryf reël 33 oor as 'n vraagsin.** (1)

**29** **Skryf reël 34 oor, maar vervang die onderstreepte byvoeglike naamwoord met 'n byvoeglike bysin.** (1)

**30** **Skryf die massanaam in reël 35 neer.** (1)

**Totaal: 30÷2=15** **/15**

**Vraestel 3** **Skryf**

**Skryf 'n beskrywende opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.**

Oë wat deurboor / Skuldgevoelens / Die statige ou dame / Oom Groot Lieg

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beeldspraak, idiome en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywings, woordeskat en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n argumenterende / betogende opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.**

'n Ma behoort nie te werk nie / Kinders het meer liefde en aandag nodig

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleiding, inhoud en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Interessant, boeiend en logies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Argumenterend, bevinding en gevolgtrekking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en oorredende taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n vriendskaplike brief van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.**

Vertel jou ouers van jul sporttoer / Vertel jou vriend/in van 'n voorval in die koshuis

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, interessant, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, uitleg, aanspreekvorm en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n dagboekinskrywing van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.**

'n Week as die eienaar van 'n koffiewinkel / 'n Week in die lewe van 'n koerantjoggie

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, interessant, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, uitleg en eerstepersoonsverteller: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**
**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**Memorandum** **September 2025**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Onderhoud:** Onderhoud met Hans Strydom, die mens

1 Die onderhoud word deur Nel Kotzé gevoer.
2 Die onderhoud vind plaas in Hans Strydom se huis ✔ op Hans Strydom se plaas. ✔
3 Dit is 'n koppie koffie.
4 Terwyl die huis van dokter At Koster van *Binnelanders* groot en luuks is, is die huis van Hans Strydom klein en eenvoudig.
5 Ons wil uitvind hoe die persoonlikheid en geaardheid van Hans Strydom in die werklike lewe is.
6 Ja. Hy tel sy kleinseun liefdevol op sy skoot. ✔Hy streel hom deur die hare. ✔ Hy bederf hom met 'n toffie. ✔**(slegs TWEE)**
7 As boer voel Hans Strydom dat hy in beheer van sy boerdery is.
As akteur voel Hans Strydom (At Koster) dat hy in beheer van sy hospitaal is.
8.1 Soos lewens in *Binnelanders* gered word, word lewens in hospitale in die samelewing gered. ✔
8.2 Soos liefdesverhoudinge by die personeel van *Binnelanders* opvlam, vlam liefdesverhoudinge by paartjies in die samelewing op. ✔
8.3 Soos korrupsie in *Binnelanders* gepleeg word, word korrupsie ook in die samelewing gepleeg. ✔
8.4 Soos die personeel en bestuur van *Binnelanders* probleme ondervind, ondervind die bestuur en personeel van die hospitale in die samelewing ook probleme. ✔ **(slegs DRIE)**
9 Die emosies van tevredenheid / genot ✔ en dankbaarheid.✔
10 Aangesien hier 'n onderhoud gevoer word. /

Aangesien die een persoon die vrae vra, terwyl die ander persoon die vrae beantwoord.

**1 Jeugroman:** Die onredelike uittrapsessie

1.1 Shaun en sy pa bespreek (waar hul op die oomblik aan die ontbyttafel sit) die Springbok-span waarna hulle eerskomende Saterdag sou gaan kyk. Sy pa het reeds drie maande gelede die kaartjies vir die wedstryd gekoop.

1.2 Terwyl die skare tydens die tweede helfte van die wedstryd al stiller geword het, het hulle teen die einde van die wedstryd gejuig.

1.3 Dit was mos nou nie sy pa se skuld dat die verkeerskonstabel nie sy ma wou glo nie.

1.4 Die emosie van hulpeloosheid / woede vir haar man (Slegs EEN)

1.5 Sy pa is onregverdig en onredelik uitgetrap deur sy ma.

**2 Dialoog:** Toring van vrees

2.1 Ria kan nie help dat sy nie oor die natuurlike talent beskik om in atletiek te presteer nie.

2.2 Hy was onredelik. / Hy het nie sy dogter in swem ondersteun en daarin belanggestel nie. / Hy het sy kind verneder. **(enige ander aanvaarbare antwoord)**

2.3 Die Wiskunde-onderwyser / Ria se pa / Die atletiekafrigter **(slegs EEN)**

2.4 Moet jou kind nooit forseer om aan ’n sport deel te neem waarin hy nie belangstel of waarvoor hy nie aangelê is nie. / Moenie die onmoontlike van jou kind verwag nie. / Ondersteun jou kind in dít waarin hy belangstel. / Wees saam met jou kind bly as hy presteer. / Wees tevrede met jou kind se uitslae. / Moet jou kind nooit verneder nie. **(slegs EEN)**

2.5 Aangesien ’n gesprek tussen twee mense hier plaasvind.

**3 Resensie:** Die liefde van ’n ma

3.1 Waar sy haar ma voorheen verwyt het, aangesien sy gereken het dat sý vir die dood van haar pa verantwoordelik was, het sy haar vergewe. Sy het besef dat ongelukke wel kan gebeur.

3.2 Al maak ’n kind sy of haar ma hoe seer, sy sal altyd haar kinders liefhê. Sy sal hulle alles vergewe en nie ’n wrok koester nie. / Sy sal dit nooit teen hulle hou nie.

3.3 Kinders kan hulle ouers onredelik verwyt. / Kinders breek soms bande met ouers. / Kinders hou soms hul kinders weg van hul oupa en ouma. **(enige ander aanvaarbare antwoord)**

3.4 Hulle optredes word deur hul emosies bepaal.

3.5 Ja. Hy reken dat dit ’n boek is wat beslis die moeite werd is om te lees.

**4 Drama:** Trane van blydskap en dankbaarheid

4.1 Dit is in die kompartement op die trein.

4.2 Die oom: *(met ’n simpatieke stem)* Ek is jammer om van die dood van jou pa te hoor.

4.3 Hy het ’n werk vir sy ma by sy maatskappy aangebied.

4.4 Hy was bly en het van dankbaarheid gehuil, aangesien die oom vir sy ma ’n werk aangebied het.

4.5. Die ruimte, tyd en karakters word aangedui. /
Toneelaanwysings dui emosies en beskrywings aan. / Die drama is verhalend / Karakters praat oor plat karakters. / Karakters ervaar emosies. /
Ons tref dialoog by karakters aan. /
Karaktereienskappe van karakters kan afgelei word deur handeling en hul emosies. **(slegs EEN)**

**5 Gedigte**

5.1 Dit is om die tydsverloop aan te dui.

5.2 “en jy’t jou hawer nooit gesaai nie – a
net so min het ek miskien geword b
wat Pa wou, maar nietemin, c
die saad is klaar gestort:” b

5.3 Die effek van stilte en moegheid.

5.4 Ons tref personifikasie hier aan.

5.5 Dit is toe die son opkom, (met sonsopgang) aangesien die eerste vlam wat in die aalwynrantjies brand, verwys na die eerste strale van die son wat sy verskyning oor die rantjies maak.

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling B</u>** **<u>Taal</u>**

**Artikel:** <u>Die selfoon, ons vriend en vyand</u>

1 Die selfoon neem alle vorme van kommunikasie oor.

2 Die selfoon het alle vorme van kommunikasie oorgeneem.

3 Die stokou slingertelefoon en tiekieboks is iets van die verlede.

4 Almal sal ’n selfoon hê.

5 Niemand sal ’n selfoon hê nie. / Nie álmal sal ’n selfoon hê nie.

6 Wie het nou nie een nie?

7 Skryf – beskryf / herskryf

8 Dis net daagliks ’n SMS of ’n WhatsApp stuur.

9 Kommunikasie in die gesinslewe ly ook onder hierdie indringer.

10 Kommunikasie in die gesinslewe ly ook onder hierdie indringer in die samelewing.

11 Dis ’n feit, aangesien dit nie slegs jou mening is dat hulle heeldag boodskappe op WhatsApp stuur of verslaaf is aan Facebook nie, maar dit is ’n feit.

12 Hulle oë is eerder vasgenael op die skerm van die selfoon.

13 Daar word nie meer (deur hulle) giffie of albaster gespeel nie.

14 Hulle SMS, terwyl hulle ouers nog briewe skryf.

15 Die koerant word ook nie meer elke oggend deur die koerantjoggie in die posbus geplaas nie.

16

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Hartseer | hartseerder | hartseerste |

17 Ook kon kinders nou nie meer ’n sakgeldjie maak deur koerante af te lewer nie.

18 Natuurtonele wat asemrowend is, troues, kinderpartytjies en kuiers met goeie vriende om die kampvuur kan afgeneem word.

19 Ouers het meer gemoedsrus as hul kinders ’n selfoon by hulle het.

20 ’n Bui reën het uitgesak. / Die onderwyser is in ’n slegte bui.

21 Sodoende kan hulle met hul ouers in verbinding tree, sou hulle in moeilikheid verkeer / in die moeilikheid wees.

22 Ma sê altyd dat ek nie my foon moet afsit as ek uitgaan nie.

23 Dit is werklik noodsaaklik om dit aan te hou.

24 Nuwe wêrelde kan vir hulle oopgemaak word.

25 Dit is ’n veelvoudige sin.
Die een enkelvoudige sin is nie afhanklik van die ander sin nie. /
Elke enkelvoudige sin het sy eie selfstandige betekenis.

26 Hulle kan hulself verryk.

27 Ek lewe in vrees. / Hy vrees die waarheid. **(enige ander aanvaarbare sinne)**

28 Hoef jy nie bang of bevrees te wees dat jy sal verdwaal nie?

29 Voordelig of nadelig ... die selfoon wat handig is, het gekom om te bly.

30 Soos ons van kos afhanklik is, is ons van die selfoon afhanklik.


**Naslaanbronne** **September 2025**

**Verslag oor ’n onderhoud:** Die kykNET-dramareeks, *Die nuusmakers*

Nuwe kykNET-dramareeks het tonge los — *kykNET Portaal, 2025/06/24*
*Maryke Roberts, Rolanda Marais* — *https://www.litnet.co.za*

**Onderhoud:** Onderhoud met Hans Strydom, die mens
*Eugene van der Westhuizen*

**Jeugroman:** Die onredelike uittrapsessie
*Eugene van der Westhuizen*

**Dialoog:** Toring van vrees
*Eugene van der Westhuizen*

**Resensie:** Die liefde van ’n ma
*Eugene van der Westhuizen*

**Drama:** Trane van blydskap en dankbaarheid
*Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

**Verhaal** *Elisabeth Eybers*
*Vers en Vlam* *Human en Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

**Versoening** *Lucas Malan*
*Vers en Vlam* *Human en Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

**Busrit in die nag** *Elisabeth Eybers*
*Verskuns:* Saamgestel deur Riens Vosloo *Macmillan SA (Pty), Ltd, 2015*

**Nagrit** *N.P. van Wyk Louw*
Uit: Versamelde Gedigte: *W.E.G. Louw* *Tafelberg-Uitgewers, 1973*

**Ek is ’n boklam** *George Weideman*
Uit: *Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*

**Artikel:** Die selfoon, ons vriend en vyand
*Eugene van der Westhuizen*